

## 17 Augustus - ONGEHOORSAAM

**Skrifgedeelte: Johannes 3: 22-36**

**Fokusgedeelte: Johannes 3:36 (OAV)**

**O**ngehoorsaamheid is ingebed in die lewe van elke sondaarmens. Ons hoor en ken die Woord van ons Koning, maar staan dikwels ongehoorsaam daarteenoor. Is jy nog bewus van die verskriklike konsekwensies van ongehoorsaamheid? Belangriker nog, ken jy die oplossing uit hierdie krisis?

Die eerste ongehoorsaamheid vind ons by Adam en Eva in die paradys. Die mens het God gehoor, maar was ongehoorsaam. Hulle het teen God se bevel van die vrugte van die boom in die middel van die tuin geëet. Sy volstreekte afhanklikheid van en gebondenheid aan God se soewereine wil het die mens verwerp en eerder na Satan geluister.

Die duiselingwekkende konsekwensies van hierdie eerste ongehoorsaamheid word duidelik wanneer Paulus die twee verbondshoofde, Adam en Christus, teenoor mekaar stel (Rom 5:12–21). Soos die ongehoorsaamheid van één mens, naamlik Adam, die oorsaak van veroordeling, ongeregtigheid en dood vir homself én vir die ganse mensheid beteken, so het die gehoorsaamheid van één mens, naamlik Christus, vrypraak, geregtigheid en lewe vir die mensheid gebring.

Ongehoorsaamheid as sonde is 'n daad van ongeloof, want ongeloof is – anders as geloof – om buite en sonder God te leef; om Hom nie te vertrou nie; sy Woord nie as basis en rigsnoer te aanvaar nie. Die sonde maak ons ongehoorsaam en rebels. Dit ruïneer ons lewe. Dit plaas ons onder die verskriklike toorn van God.

Deur Christus se soenverdienste word ons egter verlos en deur die werking van die Heilige Gees word ons vernuwe om sy kinders te wees. Uitdruklik noem Paulus die sondaars dan ook kinders van die ongehoorsaamheid (Kol 3:6) wat deur Christus tot kinders van die gehoorsaamheid gemaak word (Rom 5:19; 1 Pet 1:14).

Christus se gehoorsaamheid en volkome soenoffer vir al ons ongehoorsaamheid kan alleen deur die geloof toegeëien word. Die enigste oplossing uit die krisis wat jou ongehoorsaamheid oor jou bring, is dus ware geloof in Jesus Christus, wat sigbaar moet word in jou gehoorsame diens aan God. Dan is jy verlos van God se toorn en het jy die ewige lewe.

*Sing: Psalm 103:9 (1936-beryming)*

*Ds SA Cilliers (Waterberg)*